KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 14 FEBRUARIE 2017 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER LEDE VAN DIE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | - | Speaker |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN021/02/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

***

**BKN022/02/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN023/02/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN024/02/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA Somers)***

***

**BKN025/02/2017**
**VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN026/02/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PRESENTATION (BY MUNICIPAL MANAGER) ON THE REPORT ON FINDINGS OF THE YOUTH RISK BEHAVIOUR SURVEY EXECUTED BY THE WESTERN CAPE PROVINCE**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word vertoon)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**BESLUIT:**

1. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste 'n implementeringsplan van LDAC (Local Drug Action Committee) voorlê by formele Direksie en ter kennisname aan alle Raadslede voor einde Maart 2017.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

2. Dat die Munisipale Bestuurder die inligting kommunikeer met betrekking tot die "Youth Risk Behaviour Survey" by die GOP-forumvergaderings en vergadering van kerkleiers in Porterville op 27 Februarie 2017.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN027/02/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN028/02/2017**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen

***

**BKN029/02/2017**
**HAVEN UTILITY COMPANY: ERF 3359 PIKETBERG (PB 3359)**
**15/3/8**

Raadsheer Van Rooy lei die item in en gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat bogenoemde item by die Raadsvergadering van 28 Februarie 2017 voorgelê word, ter inligting.

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad die administrasie ondersteun vir die terugneem van Erf 3359, Piketberg vanaf die Haven Utlity Company; en

2. Dat die item ter inligting voorgelê word aan die volle Raad op Dinsdag 28 Februarie 2017.

***HOOF: KOMITEE EN SEKRETARIËLE DIENSTE***

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**BKN030/02/2017**
**VOORMALIGE AMBULANSSTASIE: ERF 4414 (GEDEELTE VAN ERF 413) PIKETBERG (PB 4414)**
**15/3/8**

**BESLUIT:**

Dat die item van die agenda onttrek word.

***

**BKN031/02/2017**
**QUARTERLY & MONTHLY BUDGET STATEMENT: DECEMBER 2016**
**5/1/B,5/1/1**

Die Onderburgemeester lei die item in vir vrae en kommentaar deur die vergadering.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That the Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for December 2016.

***

**BKN032/02/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME: 23 JANUARIE 2017 – 26 JANUARIE 2017**
**3/2/1/3**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**BESLUIT:**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die volledige notules van elke wykskomitee.

2. Dat die wykskomitee notules ter inligting aan die Raad voorgelê word op Dinsdag 28 Februarie 2017.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN033/02/2017**
**KONSEPBELEID: REIS- EN VERBLYFTOELAE VIR RAADSLEDE**
**5/11/1**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae A)***

Raadsheer Van Rooy lei die item in en neem die komitee deur die aanbeveling.

Die Voorsitter versoek dat na die werkswinkel die item terugverwys word na die Burgemeesterskomitee vir goedkeuring.

**BESLUIT:**

1. Dat die Burgemeesterskomitee die konsepbeleid goedkeur;

2. Dat die Burgemeesterskomitee toestemming verleen dat die Direkteur Korporatiewe Dienste 'n werkswinkel reël voor einde Maart 2017 met die Raadslede en Direksie om verdere insette te lewer;

3. Dat die konsepbeleid na afloop van die werkswinkel weer aan die Burgemeesterskomitee voorgelê word vir goedkeuring; en

4. Dat die goedgekeurde beleid vir reis-en verblyftoelae vir alle Raadslede geimplementeer word vanaf 01 April 2017.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN034/02/2017**
**AANSOEK OM KWYTSKELDING VAN VOORGESKREWE MUNISIPALE BOUPLANFOOIE VIR BOU SONDER GOEDGEKEURDE BOUPLANNE OP KAPTEINSKLOOF, GEDEELDTE 10 VAN PLAAS NR 93**
**15/4/3, 15/4/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste versoek dat die item aan die agenda onttrek word, sodat die aangeleentheid administratief afgehandel word.

**BESLUIT:**

Dat die item onttrek word en administratief afgehandel word.

***

**BKN035/02/2017**
**KONSEP WYKSKOMITEE-BELEID**
**3-B**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna die Munisipale Bestuurder die komitee deur die visuele verslag (met alle regstellings) neem.

Die Voorsitter bedank die Munisipale Bestuurder en Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir die goeie werk gelewer.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat bogenoemde item by die Raadsvergadering van 28 Februarie 2017 voorgelê word, ter inligting.

**BESLUIT:**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Wykskomitee-beleid goedkeur; en

2. Dat die Wykskomitee beleid ter inligting aan die Raad voorgelê word op Dinsdag 28 Februarie 2017.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN036/02/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN037/02/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN038/02/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN039/02/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN040/02/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:56*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER***<br>***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | ***DATUM*** |

***